



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

**RELIGIESTUDIES V2
FEBRUARIE/MAART 2017**

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 4 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF vrae.
2. Beantwoord enige DRIE vrae.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Die lengte van jou antwoorde moet ooreenstem met die punte wat vir elke vraag toegeken is.
6. Skryf netjies en leesbaar.

VRAAG 1

Lees die uittreksels hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Alle godsdienste het ten doel om die regte van die individu en die regte van die gemeenskap te balanseer. Dit is wanneer hierdie balans/ewewig versteur word dat allerhande soorte sosiale uitdagings ontstaan.

Hierdie behoefte aan balans/ewewig word in die media-artikel hieronder geïllustreer.

Oos-Kaapse leiers wil by Nelson Mandela se kleinseun, Inkosi Zwelivelile 'Mandla' Mandela, antwoorde hê oor waarom hy na bewering na Islam bekeer het toe hy met 'n Moslem-vrou getroud is.

[Bron: www.Timeslive.co.za/Local2016/02]

- 1.1 Gee redes waarom Oos-Kaapse leiers nie gelukkig is oor die huwelik tussen Inkosi 'Mandla' Mandela en die Moslem-vrou nie. (10)
 - 1.2 Wat, dink jy, sou die Inkosi sê om sy intergodsdienstige huwelik te regverdig? (20)
 - 1.3 Kies enige EEN godsdienst en bespreek die leringe daarvan oor die regte van die individu en die regte van die gemeenskap. (20)
- [50]**

VRAAG 2

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Dit is waar dat daar in die meeste godsdienste verskillende vertolkings van oortuigings bestaan. Die gevolg is groot verskille wat soms op die vorming van stromings of takke en ander afdelings uitloop, byvoorbeeld verskillende kerkverbande in die Christelike godsdienst.

[Aangepas uit *Shuters Top Class Religion Studies, Grade 12*]

- 2.1 Kies EEN godsdienst en bespreek die interne verskille onder die volgende opskrifte:
 - 2.1.1 Interne verskille ten opsigte van oortuigings (18)
 - 2.1.2 Interne verskille ten opsigte van bestuur/leiding/beheer (18)
 - 2.2 Met verwysing na die sentrale leringe van enige EEN godsdienst, bespreek die plek en verantwoordelikheid van die mensdom in die wêreld. (14)
- [50]**

VRAAG 3

- 3.1 Bespreek die belangrikheid van die volgende in die konteks van godsdiens:
- 3.1.1 Inspirasie (10)
- 3.1.2 Mondelinge tradisie (10)
- 3.2 Vergelyk die rol wat godsdienstige leringe in die Abrahamitiese godsdienste speel met die rol wat godsdienstige leringe in die Oosterse godsdienste speel. (14)
- 3.3 Noem VIER hermeneutiese beginsels en verduidelik ELKEEN. (16)
[50]

VRAAG 4

Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Wetenskaplikes verwys na die poging om die evolusie van die heelal te verstaan as 'kosmologie'. Deesdae is die gewildste wetenskaplike teorie oor die heelal die sogenoemde Oerknalteorie.

[Aangepas uit *Shuters Top Class Religion Studies, Grade 12*]

- 4.1 Skryf SEWE feite oor die Oerknalteorie. (14)
- 4.2 Verduidelik waarom sommige godsdienste Darwin se evolusieleer verwerp het. (22)
- 4.3 Bespreek Boeddhisme se standpunte oor die evolusieleer. (14)
[50]

VRAAG 5

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Wanneer mense aktief sekulêr word, vind hulle dat hulle 'n teorie van hulle eie moet voortbring, soms om godsdiens te vervang.

[Aangepas uit *Religion Studies, Grade 12, Steyn*]

- 5.1 Verduidelik die term *sekulêre humanisme* met verwysing na die stelling hierbo. (10)
- 5.2 Bespreek die historiese oorsprong van Westerse sekulêre humanisme. (20)
- 5.3 Beskryf enige EEN sekulêre wêreldbeskouing en noem of jy met die leringe saamstem of nie. Gee redes vir jou antwoord. (20)
[50]

TOTAAL: 150